



Hemelvaart

# PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 9 Mei 2021

## Hemelvaart & Moedersdag

### Nagmaalsdiens: 2 Sam 11

Wat Dawid en Batseba in hierdie hoofstuk aanvang, is onverstaanbaar. Maar dis die aard van sonde, nie waar nie: dat jy wéét dis verkeerd, jy wéét jy gaan jouself blootstel vir probleme, en tog doen jy dit! Dis die misterie van die sonde, dat ons dink die (kortstondige) plesier wat ons daaruit kry, weeg swaarder as die probleme wat dit veroorsaak.



## Pinkster: Die Ons Vader-gebed

Ons staan op die vooraand van Pinkster. Ons begin eerskomende Sondag 16 Mei en sluit af met Pinksterfees op Sondag 23 Mei.

Pinkstertyd is gebedstyd. Dit was al so vanaf die heel eerste dissipels se dae: toe die Here Jesus hemel toe is, het hulle na Jerusalem gegaan om daar te volhard in die gebed, totdat die belofte van die Vader, die Heilige Gees, aan hulle geskenk is.

In aansluiting hierby gaan ons vanjaar in ons Pinksterreeks by gebed stilstaan, en in die besonder by die Ons Vader, die modelgebed, wat die Here Jesus self vir ons geleer het.

Kom asseblief! Ons gaan ook sop en 'n broodjie ná die diens kry.

Die onderwerpe is die volgende:

- † Sondagoggend: Matt 6:9-13 – Die Ons Vader – 'n modelgebed
- † Sondagaand: 1 Pet 1:13-16 – Laat u Naam geheilig word
- † Maandag: Luk 17:20-25 – Laat u koninkryk kom
- † Dinsdag: Luk 2:8-14 – Laat u wil geskied
- † Woensdag: Luk 12:13-21 – Gee ons vandag ons daaglikse brood
- † Donderdag: Gen 3:1-13 – en vergeef ons ons oortredinge
- † Pinksterfees: Jak 1:12-18 – Laat ons nie in die versoeking kom nie



## Só glo ons

### Die Heidelbergse Kategismus

**Vraag 49:** Watter nut het die hemelvaart van Christus vir ons ?

**Antwoord:** Ten eerste dat Hy in die hemel as Voorspraak by die Vader is. Ten tweede dat ons ons menslike natuur in die hemel as 'n betroubare waarborg het dat Hy as die Hoof ook ons, sy lede, na Hom toe sal neem. Ten derde dat Hy sy Gees as waarborg na ons toe stuur, deur wie se krag ons soek wat daar bo is waar Christus aan die regterhand van God sit, en wat nie op die aarde is nie.

Ek glo ...

## Ons Program

### Vandag: Moedersdag & Nagmaal

- **Nagmaaldiens** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- **Kategese en Sondagskool** - geen
- **Deuroffer:** Fonds vir Vrouelidmate
- Vrouebediening se **Dankbaarheidsbotteltjies** word ingegee
- **Tee en verversings** – Emmaus Wyk

### Dinsdag

- **Bybelskool** om 18:00 in die kerksaal
- Die **kerkraadsvergadering** verskuif na 25 Mei

### Donderdag: Hemelvaartdag

- **Gesamentlike diens** olv ds Jaco om 18:00 by die Gereformeerde Kerk.

### Sondag 16 Mei

- **Erediens** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- **Kategese en Sondagskool**
- **Deuroffer:** Gemeente-Ondersteuning
- **Pinksterbiduur** om 18:00
- **Tee en verversings** - Wyk 1

### Later in die maand

- **Pinksterbidure** volgende week, elke aand om 18:00, Maandag tot Donderdag
- **Vleis- en Oesfees** en Mini-basaar op 29 Mei

### Bybellees-program

Ons is besig met **Jesaja**. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#). Die toep kan jy

aflaai by Google Play of App Store. Soek net *NG Kerk Petrusburg*.

## Lief & Leed

### Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

#### Mei

- 9 Ina Henning
- 10 Maryke van Loggerenberg
- 11 Gert van der Merwe; JH van Loggerenberg; Gerty van Zyl
- 12 Willem Naudé; Althea Watt
- 13 Duan Odendal
- 14 Gerthard Henning; Mininke van der Watt

Veels  
Geluk

### Voorbidding

- **Ina Bouwer** – Haar man Lotie is aan Covid oorlede. Bid vir die Here se troos in hierdie hartseer tyd. Sy is self ook siek met Covid, ons bid vir spoedige herstel.
- 'n Hele aantal inwoners en personeel van **Ons Woning** het tans Covid-19. Bid vir hulle en die ander inwoners en personeel asb.

## Vrouebediening Kwartaal 2

### Maria Groep (Wyke 3 & Leeukuil)

Sameroeper: Amanda van der Westhuizen

16-20 Mei Pinksterdienste - Sop (wyke maak beurte)

25 Mei Kerkraadsvergadering - Verversings

29 Mei Vleisfees en Mini-basaar

6 Jun Nagmaal - Blomme & Nuusbrief

20 Jun Vadersdag

9 Jul Skole Sluit

## Covid-19 - hoe raak dit jou?

Covid-19 is steeds met ons.

Ek verstaan die frustrasie omdat ek nie tans gewone huisbesoek doen nie. Dit

is inderdaad vir my ook sleg. Dit is egter so dat die kans dat ek die virus kan kry of versprei, veral hoog is as ek van huis tot huis beweeg. Dus raai die sinode predikante af om gewone huisbesoek in die pandemie-tyd te doen. **Sodra ek teen die virus ingeënt is sal ek met my gewone huisbesoek-program voortgaan.**

Na aanleiding van die hernude beroep van sinodale kant dat ons baie versigtig moet wees en deur ons optrede nie die pandemie moet versprei nie, herhaal ek die reëling wat die kerkraad vroeër getref het:

Enige lidmaat wat met my wil praat, is natuurlik altyd welkom om my telefonies te skakel.

**Ek is beskikbaar vir 'n aangesig-tot-aangesig gesprek indien jy so verlang. Maak asseblief met my 'n afspraak, dan ontmoet ons mekaar in die kerk waar daar genoeg spasie is dat ons mekaar met veiligheid kan sien. Of ons tref 'n ander reëling wat vir jou kan werk.**

Dra asb te alle tye jou masker in die openbaar en in die erediens. Dit is lastig, maar dit is die wet. So beskerm ons mekaar teen die siekte. Hoe het Paulus nou weer in Romeine 13:8 gesê? "Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit."

Mag die Here ons bewaar in dié tyd.

Jaco Thom

## Ten slotte

### Moedersdag

Ons eer al die moeders vandag: ons eie ma's, dié wat self 'n ma is, dié wat 'n ma gaan word, en dié wat 'n ma vir 'n kind is, al is dit nie haar eie nie. Dankie vir julle liefde en opoffering. Julle is die ruggraat van die samelewing.



Beste aanhaling vir moedersdag: **'n Mens moet 'n ma hê!**

---

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	<a href="mailto:jaco@ngkerkpetrusburg.co.za">jaco@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	<a href="mailto:ngkpetrusburg@gmail.com">ngkpetrusburg@gmail.com</a>
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	<a href="mailto:elmien@ngkerkpetrusburg.co.za">elmien@ngkerkpetrusburg.co.za</a>
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	<a href="mailto:annamarie.dercksen@yahoo.com">annamarie.dercksen@yahoo.com</a>
<u>Webwerf</u>	<a href="http://www.ngkerkpetrusburg.co.za">www.ngkerkpetrusburg.co.za</a>		facebook <a href="https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg">NG Kerk Petrusburg</a>
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		